Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 27 Februarie 1946. No. 14.

# SKAAMTELOSE HUIGELARY IN NEURENBERG

## Eie Dade Stem Met Aanklagte Ooreen

**Die aanklagte teen die Duitse leiers in Neurenberg en die dade van die moondhede op die „regbank" dreig om die grootste stuk skynheiligheid van alle tye te word. As voorbeeld van die verregaande huigelagtigheid haal ons onderstaande drie voorbeelde aan:**

1. „'n Bevel van Hitler dat die Jode uit Weenen verwyder moet word weens die tekort aan huise, is vandag aangehaal toe die saak teen Baldur von Schirach hervat is," lui 'n berig in die pers.

Op 27 Augustus 1945 het die volgende berig van Sapa-Reuter in die pers verskyn:

**„Minstens 10,000,000 Duitse vlugtelinge is deur die nuwe Russiese, Poolse en Tsjeggiese eienaars uit hul wonings uit Oos-Pruise, Pommere en Sudetenland verdryf".**

Hierdie misdaad op ongeëwenaarde skaal het die Geallieerdes instemmend gade geslaan met slegs 'n versoek dat die uitdrywing „meer menslik" moet geskied.

### GEDWONGE ARBEID

2. 'n Ander aanklag lui:

„Voor die regbank vir oorlogsmisdadigers het Jacques Bernard Hertzog, 'n jong Franse vervolger, vandag die Franse saak oor gedwonge arbeid geopen. Agter die Duitse gedwonge werwing van vreemde werkers, was 'n bewuste begeerte om die menslike potensiaal van die besette lande te verswak."

Op 14 Februarie l.l. het die volgende berig van Sapa-Reuter uit Parys in die pers verskyn:

**„Frankryk is van voorneme om tussen 2,000,000 en 3,000,000 vreemde werkers in te voer om sy arbeidsvraagstuk op te los, het Marius Parinaus, Kommunistiese onderminister van arbeid, vandag verklaar."**

Daar is ook berig dat Engeland Duitse en Italiaanse krygsgevangenes invoer om sy plaasen mynarbeid aan te vul. Dat die Duitsers ook 'n arbeidstekort kon gehad het, is natuurlik buite die bevattingsvermoë van hierdie „regters" se wraaksieke gees.

### KUNSSKATTE

3. Verlede week berig die pers as volg uit Neurenberg:

„Die vorming van 'n sogenaamde Ribbentrop-bataljon deur Hitler se voormalige minister van buitelandse sake met die doel om kunsskatte van Russiese en ander stede te verwyder, is vandag voor die Neurenbergse regbank geopenbaar."

Op 24 November 1945 het die volgende berig in die Engelse pers verskyn:

**„Kunsskatte uit die Duitse Ryk, waaronder 200 onbetaalbare skilderye in besit van Duitsers, word na Amerika oorgeneem vir veilige bewaring."**

'n Tyd gelede het die Engelse pers 'n foto gepubliseer van 'n tafel vol juwele wat voorheen aan mev. Goering behoort het, maar tans in Amerika „veilig bewaar word".

**Tereg merk The Vanguard in verband met dieselfde ding op: „Toe hierdie dinge deur die Hitleriete gedoen is, was dit dagligrowery. Maar nou word dit oor die hoof gesien, aangesien die diewe hierdie keer nie Duitsers is nie, maar Amerikaners!"**

# Poskantore Mag Nie Pakkies Ontvang Vir Duitsland

**Die poskantore is vanuit Pretoria belet om pakkies vir Duitsland aan te neem nadat die komitee vir noodleniging verlede week aangekondig het dat sulke pakkies nou na Duitsland gestuur kan word as dit geadresseer is: Officer in Charge H.Q. Friends Ambulance Unit, B.A.O.R.**

Die poskantore is in kennis gestel dat die diens nog nie toegestaan is nie en dat geen verdere pakkies ontvang mag word nie. Die Kaaplandse komitee het tot sover meer as £10,000 ingesamel aan geld wat voorlopig belê word. Die Transvaalse komitee het, na berig word, ook reeds by 'n £10,000 ingesamel. Tesame met die waarde van klerasie wat ontvang is, word die totale bydrae op ongeveer £100,000 bereken.

Die Kwakers is verantwoordelik vir die verspreiding van di egoedere in Duitsland. Op elke kledingstuk is 'n bandjie aangebring met die woorde: „Van die Boerevolk van Suid-Afrika".

## Amerikaners Kan Kos Stuur Na Duitsland

**Die Amerikaanse regering het toegestem dat private voedselbydraes deur Amerikaners na Duitsland versend kan word, berig Sapa uit Washington. Daar is bekend gemaak dat daar maandeliks skeepsruimte vir sowat 2,000 ton voedsel na Duitsland afgestaan sal word. Die besendings sal grootliks bestaan uit melk, suiker, vette, seep, klere, skoene en mediese voorrade. Die verspreiding van die goedere sal deur Duitse amptenare waargeneem word.**

## Vergadering Van F.A.K.

Die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. het op 18 deser in Kaapstad vergader. 'n Baie lang agenda is afgehandel en besonder interessante besprekings is gevoer.

**Die vergadering het besluit om onmiddellik oor te gaan tot die aanstelling van 'n voltydse organiseerder in belang van die taalstryd in Transvaal.**

Die F.A.K. het ook besluit om besondere aandag aan die kwessie van onderwys aan volwassenes te gee en om dadelik met die saak te begin.

Die nodige voorlopige reëlings vir die volgende tweejaarlikse kongres is reeds getref. Die kongres vind plaas op 1, 2, 3 en 4 Julie te Bloemfontein. Behalwe die gewone besigheidskongres sal daar ook 'n Volkskongres oor kultuuraangeleenthede wees.

**Die vergadering het ook besonder aandag gegee aan metodes om ondersteuning aan Afrikaner sake meer te propageer. Daar is besluit om die Afrikaanse Handelsinstituut in hierdie verband te nader.**

# S.A. Voedsel Arriveer



**Die foto toon 'n vrag Suid-Afrikaanse voedsel wat op 5 Februarie met die vliegtuigdraer Formidable in Engeland aangekom het. Onderwyl hierdie voedsel in die dok van Southampton afgelaai is vir Britse konsumpsie, was min. Waterson en dr. Neveling reeds drie dae lank besig in Londen om voedsel vir die Unie te vra nadat hulle in alleryl op 1 Februarie uit Kaapstad per vliegtuig vertrek het.**

# Russiese Miljoene Glo Nie in God

Twee-derdes van die burgers van Rusland — of 150,000,000 inwoners van die land — glo nie in God of sy gebod nie, volgens die getuienis van die Katolieke pastoor Braun, wat 12 jaar van sy lewe in Rusland deurgebring het, skryf die blad „The Southern Cross".

Pastoor Braun beskou sy verblyf in Moskou as een van die merkwaardigste van al sy ondervindings.

Toe die Kommuniste die staat oorgeneem het, het hulle hulle daarop toegelê om die wortel van die godsdiens in Rusland uit te roei. Die opkomende geslag is doelbewus beïnvloed om nie rekening met God en Sy kerk te hou nie. Dwarsdeur die hele Rusland is 'n progressiewe godloosheid aangekweek, het hy gesê.


Die kommunistiese beweging in Latyns-Amerika beleef tans 'n groot bloeitydperk. Die onderpresidente van die Kubaanse senaat en huis van verteenwoordigers is albei kommuniste en daar is 14,000 „militante kommuniste" en 751,000 geaffilieerdes in Kuba.

## Boumateriaal Uitgevoer

Die vertraging van die regering se bouprogram word vir 'n groot deel toegeskryf aan die tekort aan boumateriaal. Dit geld ook vir private ondernemings. **Die regering het egter op groot skaal boumateriaal uitgevoer tydens die oorlog net soos in die geval van voedsel.**

**Volgens gegewens verstrek deur die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling is daar van die begin van 1940 tot Junie 1945 626,272 ton sement en 161,876 sentenaar sinkplaat uitgevoer. Tesame met ander boumateriaal beloop die totale waarde wat uitgevoer is £291,792.**

'n Bou-aannemer het aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. gesê dat die aflewering van sement ongereeld plaasvind sodat die werk dikwels gestaak moet word in afwagting op verdere aflewerings.




'n Egte Suid-Afrikaanse Produk

Kry dit by u Handelaar of Apteker

Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK. Posbus 1380 KAAPSTAD

# PREMIE OP TRAAGHEID IN BOUBEDRYF

## Blankes Gee Pad Weens Beperking

**Die Minister van Openbare Werke, mnr. J. W. Mushet, het verlede week hom uitgelaat oor die hoë koste van woonhuise in die Unie en gesê dat mense met middelmatige inkomste nooit 'n huis sal kan bekostig nie.**

Vir die hoë koste van huise moet daar 'n rede wees. 'n Kaapstadse bou-aannemer het aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. dit as sy mening uitgespreek dat die fout by die loonreëling binne die bedryf gesoek moet word, waardeur 'n kunsmatige beperking gelê word op die produksievermoë in die bedryf.

Daar is gewoonlik twee soorte arbeiders, het ons segsman verduidelik: die luie en die flukse. Albei werk egter teen dieselfde vergoeding. **Dit ontmoedig die man wat wil werk, sodat hy naderhand ook in die groef val om maar net 'n minimum werk te lewer. Hulle is nie geregtig om hierdie manne meer te betaal nie, omdat dit 'n oortreding is van die loonreëling binne die bedryf. Hy het die mening uitgespreek dat ons produksie in hierdie verband kunsmatig beperk word.**

Dit is vir ons segsman baie opvallend hoe vinnig die blanke vakmanne uit die boubedryf verdwyn het en vervang is deur nie-blankes. Dit was vroeër sy beleid om soveel blankes in diens te neem as moontlik, maar hy moes in die later jare daarvan afsien, omdat hulle so moeilik was om te bekom. Hy is in sommige gevalle verplig om selfs nie-blankes toesig te laat hou oor die werk. Die blankes, sê hy, verkies blykbaar om ander werk te verrig wat vir hulle meer betalend is as die boubedryf.

**Hierdie uitlating herinner aan die geval aan die einde van verlede jaar, toe 'n bou-aannemer deur die hof skuldig bevind is omdat hy 835 huise 'n jaar voor die kontraktyd afgelewer het, deurdat hy bonusse aan sy werkers betaal het vir beter prestasies. Die gevolg was dat sommige messelaars soveel as 1500 stene per dag gelê het in vergelyking met die 600-900 per dag wat gewoonlik gelê word. Vir hierdie diens aan die volk is hy beboet.**

Ons het hier nog 'n voorbeeld van die nadelige gevolge van die huidige stelsel met sy grondslag van botsende belange. In hierdie geval het die sekretaris van 'n vakbond daarin geslaag om wetlike sanksie te verkry vir die beperking van inisiatief en produksie ten koste van die volk en die werker self, wat nou uitgedruk word na ander meer lonende bedrywe, terwyl die koste van huise as gevolg van 'n slakkegang so hoog gehou word dat 80 tot 90 persent van die volk nie hul eie wonings kan bekostig nie.

## Vreemdelinge In Unie

Daar is ongeveer 45,500 vreemdelinge permanent in die Unie gevestig wat hulle onder die betrokke wetgewing laat registreer het, het die Minister van Binnelandse Sake in die parlement aangekondig. Hierdie persone is vanuit die hele wêreld afkomstig. 13,990 van hierdie persone wat „vyandsonderdane" is, het aansoek gedoen om hulle in die Unie te vestig. Hy het daaraan toegevoeg dat met uitsondering van sekere gevalle vyandsonderdane wat aansoek om verblyf gedoen het, toegelaat sal word om hier te bly met die voorwaarde dat hulle hulle goed gedra.

# Frankryk Gebruik Ook „Slawe-arbeid"

**Frankryk is van plan om tussen twee en drie miljoen werkers in te voer om sy arbeidsprobleem op te los, het Parinaus, ondersekretaris van Arbeid, verlede week verklaar.**

Die meeste van die arbeiders sal ingevoer word uit Italië. Duitse krygsgevangenes verrig ook nog gedwonge arbeid in Frankryk. Van die 700,000 wat nog in Frankryk is, is 500,000 hierby betrokke.

Een van die groot misdade wat Duitsland van beskuldig word, is dat hy 12 miljoen vreemde werkers tydens die oorlog in Duitsland gebruik het.

IN ENGELAND

Daar is ook onlangs berig dat Engeland, luidens 'n verklaring van sy oorlogsminister, 353,000 Duitse en Italiaanse krygsgevangenes uit Kanada wil invoer vir arbeidsdoeleindes. Hulle lewer gedwonge en goedkoop plaasarbeid.

'n Britse pro-Duitse blad, The Vanguard, het 'n tyd gelede 'n foto op sy voorblad gehad van Duitse gevangenes wat sedert die beëindiging van die oorlog „slawe-arbeid" in Engeland verrig.

## Nuwe Party In Engeland

'n Nuwe politieke party is in Engeland gestig onder die naam Protestant Electoral Party. Die doeleindes is nog nie in besonderhede gepubliseer nie, maar te oordeel na die beleid van die Britse Protestantebond, deur wie se mondstuk die stigting aangekondig word, sal dit o.a. hom beywer vir 'n beter samewerking met Duitsland, sal dit beslis anti-Joods en anti-Rooms wees. In die aankondiging word verklaar dat die beleid, wanneer dit gepubliseer word, 'n skok en 'n verrassing vir baie sal wees, „aangesien dit manne van daad, vreesloos en vasberade is wat hulle aan die stigting en aanvoering van hierdie nuwe liggaam wy".

## Engeland Van Oormore

'n Brit met die naam John Salter skilder die volgende duistere beeld van Engeland in die Januarie-uitgawe van The Vanguard:

„In aardrykskundige boeke van die toekoms sal ons waarskynlik die volgende te lees vind: Aardrykskunde (hersien) — Engeland: Is 'n klein eilandjie naby die Franse kus. Hy word vandag heeltemal deur Amerika en Rusland oorheers. Sy vernaamste inwoners vandag is merendeels Jode en ander vreemdelinge. Sy vorige bevolking was baie volgsaam, liggelowig en verdraagsaam. Hulle was trots en koppig, maar het nie juis uitgeblink in

***DIE O.B. IS 'N VOLKSBEWEGING — HY WEIER OM 'N VYAND TE SIEN IN 'N MEDE-AFRIKANER***

verstand nie. Hulle het min belang gestel in politiek en buitelandse sake. Hulle was so verdwaas en mislei deur hul politici en pers en listige propaganda, meesal van vreemde oorsprong, dat hulle die vermoë om self te dink kwyt geraak en deur internasionale geldbelange en strydige idees uiteindelik verswelg is. Die ou aristokratiese orde en gees wat hul Empire gebou het, het vinnig uitgesterf onder vreemde invloed en is vervang deur 'n mengelmoes-massa van niemande met geen tradisie behalwe eie-belang nie."


PRESIDENT MOTORS
BEPERK
vra:

**Kies Vandag ! !**

**òf Moontlike Kapitaal-Appresiasie deur Gewone Aandele**
**òf Gewaarborgde 5 pst. Diwidend deur Preferente Aandele**

| | |
|---|---|
| 300,000 Gewone Aandele, 5/- elk | £75,000 |
| 25,000 Akkumulatiewe Preferente, £1 elk | 25,000 |
| Huidige Geoutoriseerde Kapitaal | 100,000 |
| Reeds Uitgegee 46,000 Gewone | 11,500 |

**Geen** KONTROLE ! ! !
SPESIALE STEMREGTE ! ! !

**Agente vir General Motors — CHEVROLET, BUICK, ens., te Bloemhof en Schweizer-Reneke. Ander dorpe volg binnekort. — Gespesialiseerde Tweedehandse Handel in Johannesburg.**


**Direksie: Dr. Phil J. Botma, Best. Dir.; Ben. J. Pienaar, Voors.; Ryk Nagel en Adv. D. F. du Toit.**

Doen aansoek by:
**DIE SEKRETARIS — Bus 7638 — JOHANNESBURG.**

*Die geleentheid waarop u Gewag het*



KLAVIER-SINKOPASIE



Speel op gehoor

*Die wondermetode van die eeu deur*
*JANNIE RAATH*
in

**KLAVIER-JAZZ — TREKKLAVIER — HAWAIIESE KITAAR — KITAAR**

Die enigste van sy soort. Oud en Jonk kan nou op gehoor speel — geen kennis of oor vir musiek nodig nie. Speel eerste wysie binne 30 minute oefening. Geld terugwaarborg. Pos 1/- posorder vir besonderhede aan:

***MOENIE DAT NOTE U VASBIND NIE — SPEEL OP GEHOOR***

***RAATH ATELJEES***
**Erasmus-gebou — Pretoria**
**Posbus 1175 — Foon 24736**



ASOKOR BEPERK

BELEGGINGSMAATSKAPPY BETROKKE BY DIE VLEIS- EN PRODUKTE-HANDEL EN DIE VEE-NYWERHEID

*Direkteure:* Prof. L. J. du Plessis, M.A., M.Econ., LL.B., C. C. Kriel, A. Bickel, A. C. Lombard, Gerard Bekker, L.V., Gordon Tomlinson, Sy edele N. C. Havenga, S. P. Bekker, P. J. du Plessis, Jnr., J. J. Ackermann, C. Miles Warren, L.V.

*Hoofbestuurder:* P. J. Kruger.

KAPITAAL:

| | |
|---|---|
| 4,000 Gewone £25-aandele | £100,000 |
| 150,000 Gewone £1-aandele | £150,000 |
| | £250,000 |

Die 4,000 gewone aandele van £25 elk is reeds ten volle deur die produsente- en verbruikerspubliek opgeneem.

150,000 GEWONE AANDELE VAN £1 ELK WORD NOU AANGEBIED.

1943 — 1944 Diwidend 4%
1944 — 1945 Diwidend 6%

(Omset van filiale vir die afgelope jaar oortref £1,000,000)

*DIE MAATSKAPPY SE AANDELE WORD NIE OP DIE BEURS GEKWOTEER NIE.*

ASOKOR bied veilige beleggingsmoontlikhede aan, omdat die maatskappy hom slegs met die handel in lewens-noodsaaklikhede bemoei, en wel op 'n non-spekulatiewe basis.

*Verkry die prospektus en ander inligting by:*

DIE SEKRETARIS,
Asokor Beperk, Posbus 402, Bloemfontein

**Navrae kan ook gerig word aan die Van Riebeeck Trust Mpy. Beperk, Security-Gebou, Kaapstad**

# STUUR DUITSLAND WEER OP FINANSIËLE KRISIS AF?

## *Die Toestande Na Die Vorige Oorlog*

(DEUR ONS EKONOMIESE MEDEWERKER)

**Die toestande wat op die huidige stadium in Duitsland heers, herinner baie aan die toestande na die vorige Wêreldoorlog. Weereens is Duitsland militêr verslaan, weer is daar besettingsmagte en word daar reparasiebetalinge geëis. Hierdie keer is daar net groter en erger wanorde.**

**Die vorige oorlog het nie gepaard gegaan met die vernietiging van Duitse produksiebronne en stede soos wat so pas beleef is nie. Na 1918 tot 1923 is daar op ekonomiese en finansiële gebied tonele afgespeel wat deur die Duitsers wat destyds geleef het, vandag nog nie vergeet is nie.**

Vanaf hierdie tydperk dateer hulle groot vrees vir inflasie — 'n term wat gebruik word om 'n toestand aan te dui van oor-uitgifte van geld en krediet buite verhouding met die vereistes van die handel en die produksie van goedere en dienste; sodat pryse baie styg.

As die toestande van destyds dan aanleiding kon gee tot finansiële en ekonomiese chaos, hoeveel te meer sal die ontwrigting van vandag nie dieselfde of erger gevolge kan hê nie? Dit sal interessant en insiggewend wees om die stukkie finansiële geskiedenis van 1918-1923 weer in herinnering te roep.

Gedurende die 1914-'18 oorlog het die Duitse regering baie fondse vir oorlogvoering benodig. Omdat hulle nie die entoesiasme vir die oorlogspoging wou laat verslap nie, is nie soseer van belastings nie maar van lenings gebruik gemaak. Groot hoeveelhede skatkiswissels is uitgegee en by die Reichsbank gediskonteer wat die uitgifte van baie Reichsmarknote nodig gemaak het. (Die Reichsmark, kortweg Rm., is die Duitse geldeenheid.) Die Duitse nasionale skuld het verhoog van 17 biljoen Reichsmark in 1914 tot Rm. 183 biljoen in 1919, terwyl die papiernote 1274% toegeneem het. Gedurende hierdie tydperk het die Mark ongeveer 50% gedepresieer, d.w.s. pryse het 100% gestyg, maar hierdie vermindering in die waarde van die Duitse geld was nog nietig in vergelyking met die periode na 1919.

Die Verdrag van Versailles in 1919 ontneem Duitsland al haar kolonies, 10% van haar Europese gebied en 13% van haar bevolking. In 1921 word die Duitse skuld aan die Bondgenote deur die Herstelbetalingkommissie op die enorme som van 132 biljoen goue Marke vasgestel. Tesame hiermee kry ons swak oeste, onekonomiese en politieke desorganisasie en depressie. Om die groot uitgawes te kan dek, was die regering aangewys op groter en groter lenings veral by die Reichsbank wat dan weer nuwe banknote in die omloop moes stoot. Belastings was steeds onvoldoende; die begroting kon nie gebalanseer word nie. Hoe meer die regering geleen het, hoe groter het die volume papiernote in omloop geword, hoe meer note in omloop hoe hoër het die pryse van goedere wat aan die Bondgenote gelewer moes word, gestyg; hoe hoër die pryse hoe groter die lenings wat die staat moes maak om die skuldeisers te betaal. Aldus het die styging van pryse, uitgawes, staatskuld en banknote in 'n visieuse sirkel voortgegaan. Staatsuitgawes wat in 1914 63 biljoen Mark beloop het, bedra 299 biljoen in 1921 en 48,725,711 biljoen in 1923. Staatskuld styg van 183 biljoen Mark tot 2,630 biljoen Mark in 1923.

### HIPER-INFLASIE

Die hiper-inflasie (uiterste vorm van inflasie) bereik 'n hoogtepunt in 1923. In hierdie jaar word die Ruhrgebied deur Franse en Belgiese troepe beset. Lydelike verset in die Rhur en in die algemeen teen die geweldige herstelbetalings vereis groot somme geld. Die eenvoudigste uitweg was lenings by die Reichsbank wat gewoonlik plaasgevind het in die vorm van uitgifte van nuwe hope banknote.

Vanaf Oktober 1922 is daar geen keer meer aan die inflasionêre spiraal nie. In Januarie 1921 was daar 78½ biljoen Papiermarke in omloop, in Desember 1922 1,295 biljoen, en in Desember 1923 bereik dit 'n maksimum met die geweldige hoeveelheid van 496 biljoen biljoen biljoen Mark (of 496 met 27 nulle daarna). Elke individuele banknoot se nominale waarde was naderhand etlike miljoene en biljoene Mark.

### PRYSE SKIET IN DIE HOOGTE

Die gevolg hiervan was dat pryse in die hoogte geskiet het. As ons 1913 se lewenskoste-indeks op 1 stel dan was Desember 1923 se indeks 1;247,000,000,000. Die papiermark het 'n waardelose stuk papier geword. Sy buitelandse waarde het tot feitlik 0 gedaal. In 1914 was dit ongeveer 1/-werd, in Desember 1923 nie eers een-biljoenste van 'n pennie nie. Pryse is nog verder verhoog deurdat mense so gou as moontlik van hulle papiergeld ontslae wou raak, waardeur die omloopsnelheid van geld versnel is ('n omstandigheid wat eintlik die effektiewe hoeveelheid geld in omloop verhoog).

Die Duitsers het alle vertroue in die geldeenheid verloor. Hulle het uit alle mag probeer om reële waardes in die vorm van klerasie, skoene, voedsel in die hande te kry in ruil vir die geld. Pryse het elke uur van die dag verander. Teen nege-uur sou 'n paar skoene teen 3 miljoen Mark gemerk wees, teen elfuur mag dit al 7 miljoen Mark wees, 'n uur later 14 miljoen, en as daar gekibbel word deur die koper sou die handelaar besmoontlik vir 7 miljoen Mark verkoop.

### PAPIERGELD WAARDELOOS

Sodra arbeiders hulle loon ontvang het, het hulle hul gehaas na die besighede om iets in die hande te kry voordat pryse verdubbel of verdriedubbel. 'n Verskil van 1 uur het dikwels bepaal of 2 baadjies of dan wel net 1 baadjie met die loon gekoop sou kon word. Mense het later ook nie meer omgegee wat hulle koop nie solank hulle maar konkrete goedere in ruil vir stukkies papier kon bekom. Oujongkêrels sou selfs babaklere gekoop het wanneer die handelaar geen ander voorrade meer gehad het nie.

Hierdie inflasie het skulde eenvoudig uitgewis. Boere kon hul verbande afbetaal met 'n paar sak koring. Die staatskuld van Duitsland teen 1914 kon in 1923 afgelos word met papiermarke wat ongeveer eensestiende van 'n pennie werd was. Die spaargelde wat jarelank versamel is, het waardeloos geword. Die skuldenaar/skuldeiser-verhoudings het radikaal verander.

### PRODUKTE I.P.V. GELD

Teen die einde van die inflasietydperk het mense nie meer geld nie maar produkte as waardemeter gebruik, soos rog by voorbeeld, of rekeninge in ander moondhede se geldeenhede gehou. In 1924 is 'n plan aanvaar waarvolgens 'n nuwe geldeenheid in omloop gekom het, die Rentenmark, en waarvolgens die ou papiermarke inwisselbaar was teen 'n koers van 1 biljoen vir 1 Rentenmark. In dieselfde jaar aanvaar Duitsland weer die goudstandaard, en sy geld word nou weer stabiel.


## Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

PRYSLYS:

| | Per Bottel in kissies van 12 Bottels | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies. |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/6 | — |
| Anys | 6/6 | — |
| Gemmer | 6/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| ,,COCKTAIL | 4/- | — |
| Vermouth (Franse en Italiaanse tipes) | 2/9 | — |


GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bushaltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra leë inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

WANNEER LEË INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.

Bestel van:
EXCELSIOR WYNMAKERY,
(Eien. John Schoeman)
Posbus 1. Foon 902. Tel. Excelsior.
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.




WAARDE VIR GELD

MARKAGENTSKAP
VROEE MORE-MARK
KAAPSTAD


Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND.

BOERE!
ONTMOET MEKAAR IN DIE
*Afrikaanse Koffiehuis*
(Sanlamgebou)
Pretoria
om saam te eet of koffie te drink.





*Dis 'n stel wat 'n naam maak en u 8% Diwidend help betaal*

Hierbo is een van die stelle wat Excelsior-Meubels Beperk so gewild maak en wat gehelp het om die omset van £46,474 in 1942 laat styg het tot £288,646 in 1945. Daarom het u as aandeelhouer nog jaarliks 'n diwidend van 8 pst. op u opbetaalde gewone aandele ontvang.

Excelsior-Meubels Beperk het in 1941 met een fabriek en een winkel begin. Vandag het die maatskappy drie fabrieke en nege winkels. 'n Mens is dan ook nie verwonder dat die eerste uitgifte van £200,000 aandele reeds opgeneem is nie. Baie beleggers het die moontlikhede vroegtydig besef. Baie meer sal besef hoe dié vraag na meubels gaan styg na mate die tekort aan huise aangesuiwer word. Vir hulle sal die nuwe uitgifte van Excelsior-aandele baie welkom wees.

Winkels te: De Villiersstraat, 15, Johannesburg; Meyerstraat 183, Germiston; hoek van Andries- en Pretoriusstraat, Pretoria; Kerkstraat 108, Potchefstroom; Cross-straat 42, Kroonstad; Maitlandstraat 69 en St. Andrewsstraat 123, Bloemfontein.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

Organisasiekantore waar inligting aangaande die nuwe uitgifte van aandele kan verkry word: Spoorbondkasgebou 603, Johannesburg; Maitlandstraat 69, Bloemfontein; Groote Kerkgebou 614, Kaapstad.

Die Besturende Direkteur, Excelsior-Meubels Bpk.,
Posbus 6670, Johannesburg.

Stuur my asseblief u brosjure ,,'n Vaste Koers'' wat die prospektus bevat en besonderhede van Excelsior-Meubels se groei en toekoms.

NAAM ..........................................
(Blokletters asb.)

ADRES ..........................................

..........................................

O.B. 27/2

DIE O.B., WOENSDAG, 27 FEBRUARIE 1946.

# Wat op Marwick se Gemoed Druk

In verbouereerde nakeffing van sy geesgenote oor see wat nog steeds sit en gal braak op die puinhope van Neurenberg, onderwyl die Russe soos swartmiere hul militêre spens leegdra aan atoomgeheime, het mnr. Marwick verlede week in die parlement geloop en kwyl op die verweerde spoor van sogenaamde ondergrondse bewegings in Suid-Afrika wat gedurende die oorlog aan Duitsland hulp sou verleen het.

Met mnr. Marwick se politieke gemoed is dit nie alles pluis nie. Hy en sy geesgenote het Suid-Afrika £500,000,000 se oorlogskoste laat aangaan ten einde die Duitse lewenspeil, wat volgens Amerikaanse bron 20 persent te hoog was, te help verlaag tot benede die broodlyn. Daarin het hulle met die hoogste lof geslaag — selfs tot ver buite die grense van Duitsland.

**Maar waarin mnr. Marwick en Kie nie geslaag het nie, is om Pole, wie se selfstandigheid as voorwendsel tot oorlog aangegryp is, uit sy benoudheid te red.** Die dun strokie Duitse gebied bekend as die Poolse Korridor waaroor die geskil gegaan het, het Pole wel behou, maar in die ooste moes hy die helfte van sy grondgebied afstaan aan kameraad Rusland! **En in die plek van 'n Duitsland wat sy wagposte aan die Brennerpas opgestel het, het die oorlog 'n Rusland voortgebring wat sy aansprake in die Middellandse See en die Persiese Golf met die Rooi Leër op die agtergrond handhaaf.**

Selfs vir die Britse gemoed wat normaal weg geen nuuswaarde sien in die openbaarmaking van 'n Britse minister se aandadigheid aan 'n sluipaanval op die Suid-Afrikaanse Republiek in 1896 nie — op 'n tydstip wanneer oorlogsmisdade aan die orde van die dag is — moet die resultate van hul oorlogshandewerk verontrustend wees, indien nie berouvol nie.

### DIE AAP

Maar soos die tradisionele aap wat sy baas gebyt het toe hy sy stert in die vuur geskroei het, byt ook mnr. Marwick en Kie die eerste die beste persoon in hul nabyheid — in hierdie geval diegene in ons land wat hulle teen die Marwick-dwaashede verset het.

**Net soos sy bondgenote in Amerika 'n Russiese spioen met atoomgeheime laat loop het liewer as om die grimmigheid van Rusland op te wek, so ook deins mnr. Marwick terug vir die AKTUELE gevaar van vyfde-kolonnebedrywigheid — nie ten opsigte van 'n mislukte oorlog wat agter die rug lê nie, maar van 'n dreigende een wat voorlê, en waarin mnr. Marwick se heerlike Empire gevaar staan om saam met die res van die wêreld deur atoombomme uitgewis te word.**

In plaas van die regering tot optrede aan te spoor teen die kommunistiese wêreldring wat ook in ons land agiteer en spioeneer ten behoewe van 'n magsdronke moondheid, hardloop mnr. Marwick en tongsleep op die spoor van diegene wat gesimpatiseer het met 'n land wat vandag in so 'n toestand van magteloosheid lê dat selfs sy eerbare vyande met hom simpatiseer.

**Mnr. Marwick en die syne mag langs hierdie weg daarin slaag om die stem van hul gewete dood te skree — die gevare wat voorlê sal dit egter nie besweer nie.**

(Politieke kommentaar en berigte in hierdie uitgawe is opgestel deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad).

## Afrikaners In Duitsland Opgespoor

**'n Aantal Afrikaners wat daarvan verdink word dat hulle die Duitse oorlogspoging bevorder het terwyl hulle in Duitsland gedurende die oorlog verkeer het, is reeds opgespoor en word dopgehou, berig Sapa uit Londen.**

Slegs een persoon is in hegtenis geneem en na Engeland geneem waar hy aangehou word. Hy is 'n jong Vrystater en hy bevind hom tans in Skotland. Beweer word dat hy gedurende die oorlog uitgesaai het van uit Zeesen.

Daar is nog geen definitiewe inligting oor Eric Holm wat ook oor Zeesen uitgesaai het nie. Verskeie ander Afrikaners wat ook by die uitsendings betrokke was, is opgespoor. Sommige van hulle is onder ope arres, terwyl die ander net dopgehou word.

Een Afrikaner wat na beweer word in die Duitse weermag gedien het, is ook opgespoor. Daar word ook ondersoek ingestel na die bedrywighede van Suid-Afrikaanse soldate wat, toe hulle krygsgevangenes was, die Duitsers gehelp het.

## RUSSE GRAWE HULLE IN

*Die Russiese besettingsowerheid in Duitsland dring aan op die verdwyning van die Duitse Sosiaal-Demokratiese Party in hul gebied en die opname daarvan in die Kommunistiese Party wat deur hulle beheer word. Volgens getuienis sal daar waarskynlik vanaf Aprilmaand vandeesjaar net een party in Russies-besette Duitsland wees, nl. die Kommunistiese Party onder die plak van Moskou.*

'n Spesiale korrespondent van die Cape Times verklaar dat die verdwyning van die Sosiaal-Demokratiese Party sal beteken dat terwyl die partystelsel sal voortduur in die deel van Duitsland wat deur die Westerse moondhede beset word, net die Kommunistiese Party, wat deur die Russe beheer word, toegelaat sal word om voort te bestaan in die Russies-besette gebied.

## Buitelandse Oorsig

# Russiese Spioenasie In Kanada

**Die spanning tussen die „Bondgenote" van gister en die „Verenigde Volke" van vandag het gedurende die afgelope week 'n nuwe krisispunt bereik. In die Angel-Saksiese nuusberigte en pers word veel aandag gewy aan die ontdekking van sensasiewekkende Russiese spioenasie in Kanada in verband waarmee belangrike oorlogsgeheime op die spel sou wees. Vir die persoon wat iets van propaganda en spioenasie weet, al word hulle nou ook in die Angel-Saksiese wêreld eufemisties „information" en „secret service" genoem, sal die Russiese affêre 'n hele aantal vraagtekens lewer.**

*Deur* ***PROF. DR. J. A. WIID***

### WAAROM KANADA?

Die eerste is waarom nou juis Kanada die land moet wees waar die Russiese spioenasie ontdek is. Het die toeval hier die hoofrol gespeel? Het die Russe nou toevallig hul domste spioene en die Britte die slimste koppe van hul „Secret Service" in Kanada? Waarom het die ontdekking nie in die Verenigde State of in Brittanje plaasgevind nie waar Moskou tog seker ook sy spioene het net soos Washington en Londen hul „Secret Service" in ander lande het? Het Kanada die toneel van die ontdekking geword omdat hierdie land nie 'n grootmag is nie en derhalwe te swak is om 'n eersterangse oorlogsgevaarlike internasionale krisis te veroorsaak? Of het die ontdekking in Kanada plaasgevind met die oog op die Verenigde State? Dit staan tog vas dat die Amerikaners makliker opgewonde gaan raak oor die ontdekking van 'n spioenasie-komplot in 'n grensland as in die verafgeleë Afrika of Asië.

### WAAROM DIE ONTDEKKING OPENBAAR GEMAAK?

'n Belangrike vraag is waarom die ontdekking van die Russiese spioenasie openbaar gemaak word en juis op hierdie tydstip wanneer daar 'n algemene behoefte is aan rus en vrede om 'n gewonde en krank wêreld weer te heel en gesond te maak. Gewoonlik word daar probeer om die ontdekking van 'n spioenasie-komplot net so geheim te hou as die komplot self. Elke land beskik immers oor weë en middele om sy nasionale veiligheid in hierdie opsig te handhaaf, 'n eie sensasielustige persorgaan die swye op te lê of 'n sensasiewekkende berig te repudieer. Die vreemde spioen moet tou kry, hy moet nie agterkom dat sy spioenasie ontdek is nie en deur eie teen-spioenasie word die beste gebruik van die ontdekking gemaak.

In die geval van die Russiese spioenasie in Kanada is al hierdie dinge nie gedoen nie. Publisiteit het die plek van geheimhouding ingeneem. Waarom? Is dit 'n nuwe poging om die wêreldmening teen die Russe en hul vyfde kolonne in ander lande te bearbei of is dit 'n set om 'n moontlike Russiese lening in Amerika in die kiem te smoor. Dit is ook moontlik dat die Angel-Saksers van hierdie handige stok wat die Russe in hul hande geplaas het, gebruik maak omdat hulle tog oortuig is dat ander beproefde weë en middele op Moskou geen uitwerking het nie.

### 'N BRITSE MENING

In hierdie verband is die toespraak van Harold McMillan, 'n vroeëre minister en 'n huidige opposisielid van die Laerhuis, heel interessant. Interessant veral is sy toespraak omdat Sapa-Reuter soveel publisiteit daaraan verleen hoewel McMillan as opposisielid geen offisiële status het nie. Die Engelse regering is dus nie verantwoordelik vir sy woorde nie en ook Moskou het nie juis reg om daarteen beswaar te maak nie.

Volgens McMillan is die betrekkinge tussen die groot moondhede „baie gespanne, selfs onrusbarend gespanne." Die Russiese diplomasie sou in die Middellandse See en die Naburige Ooste „teen die goed erkende Britse belange toegespits" wees. Die Brits-Amerikaans-Russiese verbond sou „in werklikheid tydelik opgehef wees." Hy kla oor „'n planmatige diplomatieke offensief" teen Brittanje, oor „onsekerhede wat 'n atmosfeer van agterdog" skep, en oor die „spioenasie-geheime wat die hele droewige beeld voltooi." Hy stel vervolgens 'n aantal vrae: „Wat wil Rusland hê? Wat is die beweegrede agter hierdie maneuvers? Is dit 'n openbaring van die uitbreidingsbeleid van Tsaristiese Rusland? Is dit 'n openbaring van 'n nuwe imperialistiese veldtog, of beteken hierdie ontwikkelings die terugkeer tot 'n bekeringspoging tot verdere internasionale kommunisme?"

### DIE RUSSIESE REAKSIE

Die amptelike Russiese reaksie op die Kanadese onthullings is insiggewend. Daar word erken dat Russiese agente van Kanadese burgers „vertroulike inligting" verkry het. Hierdie inligting het gegaan oor „tegniese gegewens wat die Russiese regering vanweë sy hoër prestasies nie nodig gehad het nie". Voorts word daar 'n aanval op die Kanadese regering gemaak. Daar word gewys op die „onbeteuelde veldtog" teen Rusland wat deur die Kanadese pers en radio van stapel gestuur is. Die Russe vind dit „verrassend dat die Kanadese regering die verklaring oor die spioenasie-geval gepubliseer het in plaas van die Russiese regering om 'n verduideliking te versoek, soos die gewoonte tussen lande met normale betrekkings is."

### DIE POT VERWYT DIE KETEL

Volgens die aangehaalde Britse en Russiese beskouings is dit duidelik dat die diepgaande agterdog en wantroue tussen Angel-Saksers en Russe 'n nuwe hoogtepunt bereik het. As 'n Brit soos McMillan in Rusland uitbreidingsdrang, imperialisme en 'n herlewing van die Komintern vermoed, dan kan die Rus hom maklik na die rooi vlekke op die wêreldkaart wys met die vraag: En jy? As die Angel-Sakser net wantroue en agterdog in Rusland sien, dan kan die Rus daarop wys dat ook in die Angel-Saksiese wêreld daar 'n diepgaande wantroue en agterdog teen die Russe bestaan het en nog bestaan. Dit was die Westerse moondhede en bondgenote gedurende die Eerste Wêreldoorlog wat Russiese gebied binnegeval het toe dit in die greep van die Bolsjewistiese rewolusie gespartel het; dit was die eertydse bondgenote wat die *cordon sanitaire*, 'n veiligheidsgordel van randstate na 1919 teen Rusland opgebou het; dit was die eertydse bondgenote wat die Bolsjewistiese Rusland jarelang as 'n melaatse, as 'n verstoteling behandel het. En hoeveel van hul tegniese uitvindsels het die Angel-Saksers gedurende die jongste oorlog aan hul Russiese bondgenote toevertrou? Waarlik die pot kan die ketel nie verwyt nie.

Die agterdog en wantroue wat in die Kanadese onthullings 'n nuwe hoogtepunt bereik het, word nie slegs in Moskou nie maar ook in Washington en Londen aangetref.

**AMAJUBAFEES**

Die Hoofkommandantskap

**Stellenbosch-Hottentotsholland**

vier

**VRYHEIDSDAG**

op

**Saterdag, 2 Maart te BLAAUWKLIP**

MIDDAG:
Vanaf 4.15 gesellige verkeer en aandete. Koffie word verskaf.

AAND:
Vanaf 7-uur verslag van die Uniale Laertrek en toespraak deur Hoofgenl. Max Smuts.
Alle lede moet teenwoordig wees.
Belangstellendes word hartlik uitgenooi.
(Bring aandete, jukskeie, stuk brandhout en O.B. van 3 Februarie saam).

**NOODHULP-FUNKSIE**

word gehou te

**Prinslooweg TIERVLEI**

op

**Saterdag, 2 Maart 1946**

om 3 n.m.

**Vrugte, Konfyt, Naaldwerk ens.**

**O.B.-Orkes tree op.**

# Reisplan van A.K.G.

| | |
|---|---|
| KIRKWOOD | Saterdag, 2 Maart |
| SOMERSET OOS | Maandag, 4 Maart |
| ADELAIDE | Dinsdag, 5 Maart |
| CRADOCK | Woensdag, 6 Maart |

Gebiedsraad (dag), Vergadering (aand)

| | |
|---|---|
| ALEXANDRIA | Vrydag, 8 Maart |
| DESPATCH | Saterdag, 9 Maart |

# Afskeid Geneem Van Flukse Kommandante

## O.B.-Funksie op Brackenfel

**„Elke Brandwag moet sorg dat hy 'n goeie Brandwag is en sy identiteit uitleef sodat hy aan sy mede-Afrikaner 'n voorbeeld kan stel en dié kan besef dat die nuwe wat ons bring, beter is as die oue," het genle. dr. Erika Theron, waarnemende Hoofvrou van Kaapland, gesê op 'n gesellige O.B.-funksie wat op 16 Februarie op die plaas Eikenhof naby Brackenfel gehou is. Die aand is deurgebring met vleisbraai en 'n waatlemoenfees.**

Genle. Theron het in die gees van die Uniale laertrek gewys op die feit dat die volk moeg is vir die gedurige partystryd en dat die O.B. nie van plan is om aan die volgende algemene verkiesing deel te neem nie. Die O.B. is bereid om volkskandidate te steun en op hierdie basis met die politieke partye saam te werk, maar nie met die Empire-partye nie omdat hulle belange nie in Suid-Afrika is nie maar in die vreemde.

„Om die O.B.-gedagte uit te dra is dit nodig dat ons oor 'n magtige pers beskik wat die beswaddering van ons vyande die hoof kan bied. Dit is u taak om Perskor sterk te maak! Werk sonder ophou en styf die fondse," het genle. Theron besluit.

### KOMDTE. FERGUSON

**Genle. Theron het van die geleentheid gebruik gemaak om van Hoofkommandante Ferguson van die Noordelike voorstede afskeid te neem. Sy was 'n voorbeeld van getrouheid, bekwaamheid, gesag en dissipline. Haar onvermoeide ywer was die inspirasie van die hele kommando, het dr. Theron gesê. Met haar trapfiets het sy die hele Skiereiland platgery om met al die Brandwagte in aanraking te kom en te organiseer.** Waar haar boerebloed haar terugroep na die grond, het dr. Theron haar alle sukses toegewens met haar nuwe onderneming.

In sy kort boodskap aan die vergadering het hoofkommandant dr. Coertze van Stellenbosch die geskiedenis van die Ossewabrandwag geskets en die stryd wat hy moes aanbind.

In die stryd teen die vreemde en die uitwerping van die oorsaak van ons twis, die partypolitiek, aanvaar ons die stryd in die geloof. Was dit nie vir hierdie geloof, sou ons die stryd nie kon volhou nie, het hy gesê.

Genl. G. Retief van die noordelike voorstede het ook sy waardering uitgespreek vir die dienste wat kommandante Ferguson gelewer het en haar voorspoed in haar nuwe werkkring toegewens. „Haar vertrek is vir ons 'n verlies en ons kan haar leë plek feitlik nie opvul nie. Ons sal haar ywer onthou," het genl. Retief gesê.


K E R K B A S A A R

**Tafelberg-Gemeente**
**SATERDAG, 2 MAART**
om 10.30 v.m. in
**Hertzogsaal**
**Buitekantstraat**

HEERLIKE GEBAK EN ALLERLEI LEKKERNYE!

KOM GENIET OOK 'N GEURIGE MIDDAGETE!



***NUWE VOLKSPELE-HANDLEIDING***

Tweede amptelike uitgawe van die RDB.

Opgestel deur mev. C. de Ridder en goedgekeur deur die Uniale Raad vir Volkspele en -Sang.

Bevat 23 pragtige nuwe spele met woorde en musiek.

Gedruk op pragtige kunspapier en bevat linneband- en stofomslag.

Hierdie handleiding, wat elke neef en niggie moet hê, kan bestel word van:—

***DIE RDB-DIENSBURO***
**(EDMS.) BPK.**
Posbus 7714 — Johannesburg
**Prys 6/6 per eksemplaar posvry**



***KUNSKALENDERS***

***Versier u Kantoor en/of Studeerkamer met die RDB-Kunskalender vir 1946***

- Agterblad kleurvol en 'n getuienis van goeie smaak.
- Maandblaaie ryklik geïllustreerd met passende oorspronklike spreuke.
- 'n Ware bondgenoot vir voorspoed in die nuwe jaar.

**Bestel van:**
***DIE RDB-DIENSBURO***
**(EDMS.) BPK.**
Posbus 7714 — Johannesburg
**PRYS: 1/6 Posvry.**


### BYBEL BEVESTIG

**„Hoe langer ek navors oor die ontstaan van die antieke beskawing, hoe meer kom ek tot die oortuiging dat die Ou Testamentiese historiese gegewens besonder akkuraat is," het Sir Leonard Woolley, die Britse argeoloog, wat reeds baie opgrawings gedoen het, onlangs verklaar.**


**BROSJURE**

***„A M A J U B A 1 9 4 6"***
**1/- elk.**

**Gebiedshoofkwartier,**
**Sanlamgebou 616, Pretoria.**






***U skryf ons wat u verlang.***

***Ons stuur u die mooiste SKOENE op sig per pos!***

**DE BRUYN SE POSBESTELLINGS**
**(EDMS.) BPK.**
**ANDRIESSTRAAT — PRETORIA**

● Vry versending ● Vry verpakking ● Vry op sig

***Stuur hierdie advertensie saam met u bestelling en ontvang 5% Korting.***


# Uit Die Week se Nuus

### INFLASIE IN DIE V.S.A.

Amerika staan aan die vooraand van 'n ernstige inflasie wat reeds so ver gevorder het dat dit enige oomblik kan ontplof. Dit sal moeilik gaan om die erns van die toestand te oordryf, het Chester Bowles, pres. Truman se ekonomiese bestendiger aangekondig.

### KLEURLINGSOLDATE RUK HANDE UIT

Een kleurlingsoldaat is gedood en talle beseer in 'n bloedige geveg wat verlede week tussen sowat 170 kleurlingsoldate ontstaan het op die Noupoortse stasie. Hulle was op pad na Port Elizabeth. Die meeste van die soldate was besope, toe hulle mekaar met messe, stokke en bottels bygedam het. Daar was geen blankes in die geveg betrokke nie. Tot uit Bloemfontein is polisie aangebring om die orde te herstel.


### „WEG MET ENGELAND"

Onder uitroepe van „Ontruiming of rewolusie!" en „Weg met Engeland!" het 'n halfmiljoen mense in die strate van Kairo die ontruiming van die Britse troepe uit die Nyl-gebied verlede week geëis. Wilde tonele het in die strate van die stad afgespeel en daar is vryelik geskiet. In Kairo alleen is 17 persone gedood en 300 beseer. Oproer het ook ontstaan in ander dele van die land. — (Sapa).

### ANTI-BRITSE OPROER IN INDIË

Skietery het verlede week uitgebreek tussen 3,000 stakende Indiese matrose van die Engelse vloot in Bombaai en Karatsjie toe Britse troepe probeer het om die staking te onderdruk. Daar is berig dat die muiters 20 skepe beheer het, en met vierduimskanonne op die Britte geskiet het.

## *Politieke Slagoffers van 'n Partybewind*



**C. J. J. van Rensburg.**

**Gearresteer op 24 Januarie 1942. Op 2 Februarie 1942 geïnterneer en losgelaat op 8 Junie 1943.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling of vyand uitlewer nie".**

### WERK VOLTOOI IN TAFELBAAI

Die groot drooglegginsgwerk in Tafelbaai wat agt jaar gelede begin is deur 'n Hollandse maatskappy, is verlede week voltooi toe die Duncan-dok afgelewer is. In die agt jaar is 19,300,000 kubieke jaart grond en klip versit. Dit is soveel as wat 'n trein so lank soos van Kaapstad na Holland met 'n slag kan oplaai.

### OP DEENSE EILAND

**Die Russe is glad nie van plan om die Deense eiland Bornholm in die Oossee te ontruim nie. Hulle is nog steeds besig om hulle daar in te grawe. Na berig word het verskeie skepe onlangs groot voorrade, waaronder lugafweerkanonne na die eiland gebring. Die eiland is teen die einde van die oorlog deur die Russe beset.**

### POUS SEËN FRANCO

Die Pous het sy seën uitgespreek oor die Spaanse staatshoof en die hele volk van Spanje. Die boodskap is afgelewer by die geleentheid van die oorhandiging van die geloofsbriewe deur die nuwe Spaanse ambassadeur. Daar sal onthou word dat die Spaanse regeerder in die jongste tyd baie in onguns geraak het by die Geallieerdes.

### STAKING SE PRYS

Deskundiges in die V.S.A. meen dat in die gebied van Pittsburgh alleen 962,000 ton staal verlore gegaan het as gevolg die staking in die bedryf. Dit sou voldoende staal gewees het om 8,551,000 koelkaste te vervaardig. Die lone wat hiermee verlore gegaan het, kom te staan op 16,000,000 dollar.

### BEWAARDERS SE SALARISSE

Die Departement van Justisie het by die kommissie van ondersoek na die toestande in die staatsdiens aanbeveel dat die bewaarders se salarisse in ooreenstemming met dié van die polisie gebring moet word. Dit is egter nog nie bekend wanneer die verslag van die kommissie beskikbaar sal wees nie.

### STIG REBELLIE IN SPANJE

Minstens 40,000 gewapende guerillas staan gereed in Spanje om handelend op te tree as vreedsame pogings misluk om die Franco-bewind omver te gooi, het Jose Giral, leier van die Spaanse „vlugteling-regering", verklaar, na Sapa-Reuter berig. Hy sal die weerstandsbeweging verwittig wanneer om op te tree.

Giral meen dat indien Engeland, Frankryk en die V.S.A. hul diplomatieke betrekkings met Frankryk breek, dit genoeg sal wees om die huidige bewind tot 'n val te bring. 'n Ekonomiese blokkade sal egter 'n doeltreffender uitwerking hê, het hy verklaar.


**Te Laat vir Klassifikasie**

**TE KOOP GEVRA**

**BOERBOEL.** — Wie kan my help aan 'n jong Boerboelreun? Meld prys aan: G. FRANKOT, Pro Ecclesia Drukkery, STELLENBOSCH.



***'n Uitstaande Godsdienstige Roman!***

**EERS DIE KONINKRYK**

***deur***

***H. J. M. REDELINGHUYS***



**7/10 POSVRY**

— „'n Verhaal van jongmense, hulle strewe na geluk, hulle moeilikhede, hulle teleurstellings en vernederings en eindelik hulle oorwinning". —

**Dit is die eerste uitgawe in die**
**PRO ECCLESIA-BIBLIOTEEK**
**Vra om Besonderhede.**

**Nuwe Romans:**

**WIE IS SY**
deur Annemarie Wessels . . . . . . . 6/10 posvry
**MY LEWE IS MY EIE**
deur T. C. Pienaar . . . . . . . . . . 8/6 posvry
**DIE LEE BRIK**
deur H. J. M. Redelinghuys . . . . . 5/4 posvry
**PENWORTELS**
deur G. J. Joubert . . . . . . . . . 7/6 posvry
**GEEN SOMER**
deur J. S. Rabie . . . . . . . . . . 7/- posvry

**Ander Werke:**

**SPYKERS MET KOPPE**
deur J. S. Steinmeyer . . . . . . . . 7/6 posvry
**DIE KEULEN-KOMMANDO**
deur Benn Conradie, 7/6 posvry (Seunsverhaal)

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**
**POSBUS 29 — STELLENBOSCH**

# LEË WOORDE DRAAL DEUR LEË RUIMTES

## 18 L.V.'s OP HUL PLEK

**Op die middag van 22 Februarie, toe die kwessie van hulpverlening aan boere in die parlement bespreek is, was daar op een tydstip net agtien lede op hul plek in die raadsaal uit die totaal van 153. 'n Verslaggewer van Die O.B. wat die bespreking gadegeslaan het, gee onderstaande beskrywing van wat hy daar gesien het. Dit sal die kiesers laat besef dat daar heelwat meer bedrywigheid in die parlement se ontspanningslokale plaasvind as in die saal waar die volk se belange behartig sou word.**

Op 22 Feb. l.l. in die agtermiddag toe die belange van die boere ter sprake gebring is en mens kon verwag dat die „Huis" in hierdie tyd van voedselskaarste minstens voltallig sal wees, was daar om twintig minute voor vier toe die besprekings die finale stadium deurgegaan het, net sewe lede van die regering en dertien lede van die Opposisie teenwoordig. Die dwarsbanke was leeg. 133 lede was afwesig.

Onderwyl een van die Regeringslede sonder die minste geesdrif sy stem oor die leë banke en 'n paar slaperige lede laat weerklink het, het die Volksraad meer na 'n ruskamer gelyk as na 'n raadsaal. **Drie lede het heerlik met hulle bene uitgestrek op die banke gelê, salig onbewus van wat gesê word. Die res het skuins gesitlê, onder mekaar gebrom of in en uit gestap. Die besprekings het slegs lewe getoon wanneer die spreker onderbreek word met stuitlike persoonlike aanmerkings.**

Van kwart voor vier tot vieruur het sewe H.N.P.-lede die saal verlaaf, terwyl agt lede die saal binnegekom het. Vier van die regeringslede het moeg geword, en die saal verlaat, terwyl drie ander lusteloos na hul plekke teruggekeer het. Op die dwarsbanke het nou twee lede gesit.

Om vier-uur was daar veertien H.N.P.-lede en ses van die regering. Die dwarsbankers het intussen aangegroei tot vier en weer verminder tot drie.

Met die ge-in- en uitstap van die lede, was daar om tien minute oor vier, vyf regeringslede en veertien van die Opposisie. Altesaam 19 lede.


**Om kwart oor vier toe die mosie onder bespreking tot stemme gebring is, was daar dertien opposisie-lede en vyf van die regeringslede. Die dwarsbanke het weer leeg geloop. Van die 153 lede was daar slegs 18 lede teenwoordig toe daar gestem moes word.**

Toe die klokke begin lui, sodat die lede kon weet dat daar nou gestem word, het hulle mekaar by die deur vertrap. Na die stemme getel is, het geblyk dat daar 77 lede gestem het, van wie driekwart omtrent nie geweet het waaroor dit gaan nie.

Die tyd het aangebreek dat die volk hierdie uitgediende parlementêre stelsel oorboord werp en vervang deur 'n waaragtige volksregering wat belang sal stel in die taak waarvoor hy geroep is.

Uit die verslae van die partyperse die volgende dag, sou nie juis afgelei kon word dat leë woordfrases deur leë ruimtes weergalm het nie. Inteendeel!

## DIE VLAGHYSING



Die vlag word stadig gehys deur twee Wagte by geleentheid van die opening van die groot Offisierslaertrek te Bloemfontein op 7 Februarie. Op die verhoog staan van links na regs: dr. J. F. J. van Rensburg, ds. S. J. Stander, genl. J. A. Smith, genl. E. B. Cadle en genle. mev. J. S. du Toit

# Brittanje Kry Dalk Geen Lening

**„Die voorgestelde Amerikaanse lening aan Brittanje sal 'n lafenis aan die vervallende Ryk verskaf," het senator Edwin Johnston oor die radio verklaar, berig Sapa-Reuter uit Washington.**

„Duisend-miljoen vir die ontwil van kinders wat hongerly, maar nie een sent van die geld van Amerikaanse belastingbetalers om 'n ryk te red nie," het hy sy antipatie uitgespreek ten opsigte van die lening wat die V.S.A. van plan is om aan Brittanje toe te ken.

Engeland is op die oomblik baie besorg dat die V.S.A. dalk nie die lening sal toeken nie en is besig om 'n agterdeurtjie oop te hou indien dit die geval gaan wees.

Die Britse eerste minister Attlee het in die Britse laerhuis ontwykend geantwoord op 'n vraag of hy 'n Rykskonferensie sal belê indien die lening afgekeur word. Hy het egter te kenne gegee dat hulle in voeling bly met die dominiums om te onderhandel indien die Amerikaanse Kongres die lening weier.

Diens

EEUFEESPOSKAARTE
1/6
PER DOSYN

SLEUTELKETTINGS
1/6
Posgeld 2d.

FAKKELLOOPPENNINGS
Egte Silwer 30/-
Posgeld 4d.

EEUFEESMEDALJES
9d
Posgeld 2d.

DAMES MANS EN SEUNS UITRUSTERS EN SNYERS
Uniewinkels
BEPERK
(Geregistreer onder Wet Nr. 29 van 1939)
KERKSTRAAT — PRETORIA

TAKKE:
JOHANNESBURG
VEREENIGING
BENONI
KAAPSTAD

# Hoe Kan Hy Dan Ook Praat Met 'n Maag Wat Praat!

**Daar was nie minder as vier vleisgeregte — skaapvleis, beesvleis, ham en sult — op die spyskaart van die parlementêre eethuis verlede week op 'n dag toe private huishoudings nie 'n krieseltjie skaap- of beesvleis kon bekom het nie. Beesvleis was 'n weelde wat net tot hotelle beperk was — om watter rede ook al.**

Blink en lywig, met 'n glimlag van welbehae het die parlementslede daar gesit — verteenwoordigers van 'n volk wat van die oggend tot die aand toustaan om 'n brokkie kos, waar dit nog aangebied word, in hande te kry. Waaroor sal hierdie „volksmanne" dan ook bekommerd wees — vier vleisgeregte!

Een van hulle het verlede jaar dit gewaag om die parlementêre spyse buite die verborge ruimte van die eetlokaal onder bespreking te bring — tot sy nadeel. **Hy het naamlik gedurende die debat 'n versoek aan die Minister van Landbou gerig om parlementslede vry te stel van die beperkings op die invoer van vleis na Kaapstad.** Dit was 'n flater, want die pers was teenwoordig, en die Minister moes hierdie versoek, wat hom allesins simpatiek moes stem, van die hand wys.

Watter reëlings daar vanjaar getref is om parlementslede se aptyt tegemoet te kom op 'n tydstip van algemene vleisskaarste, is nie bekend nie. Die spyskaart maak wel voorsiening vir vier vleisgeregte. 'n Paar slaghuise is deur 'n verteenwoordiger van Die O.B. besoek. Hulle het meegedeel dat hulle geen skaapvleis daardie dag ontvang het nie en slegs 'n klein gedeelte van hul klandisie van varkvleis kon voorsien het.

**Op die oomblik word daar in Kaapstad net tweemaal per week vleis aan gereelde klandisie verskaf. Teen betaling van 'n halfkroon word die kragte van 'n hardpratende parlementariër egter daagliks opgebou met 'n dis wat vier vleisgeregte insluit.**

## MEER PETROL VIR MAART

**Die basiese petrolrantsoen sal vanaf die begin van Maart af opgeskuif word na 400 myl, het die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling verlede week bekendgemaak. Die minister het ook aangekondig dat die aansoek om ekstra petrol meer simpatiek oorweeg sal word, mits dit vir noodsaaklike reise is.**

## GAAN VOORT MET VERBANNING

**Die regering is nog van voorneme om Suid-Afrikaanse Duitsers na Duitsland te verban. Meer as 1,500 Duitsers, van wie die meerderheid in Suidwes is, is op 'n swart lys geplaas, en elke geval sal deur 'n kommissie van drie ondersoek word alvorens 'n wet deur die parlement, nog moontlik hierdie sitting, aangeneem sal word.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

INGEVOERDE D.D.T.
in
OUTOMATIESE SPREIER
Aerosol-Bom Insektemiddel

DIE KOPERSBOND BEPERK

kan met genoeë aankondig dat 'n verskeping van bovermelde D.D.T. binnekort beskikbaar sal wees. Hierdie nuwe proses is die ENIGSTE DOELTREFFENDE metode vir huishoudelike gebruik en was deur die V.S.A.-Weermag gebruik in die Ooste gedurende die oorlog.

*Geen huisvrou kan sonder hierdie wonderlike insektedoder klaarkom nie.*

AEROSOL-D.D.T. word onder hoë druk met Freon-aerosolgas gemeng in 'n staalhouer. Die houer is voorsien van 'n klep wat verstelbaar is ooreenkomstig die grootte van die kamer. Wanneer die klep oopgemaak word, ontsnap net genoeg vloeistof in die vorm van mistigheid om die mure ens. van die kamer heeltemal te bedek. Geen vermorsing vind plaas met hierdie metode nie.

*Plaas u bestellings NOU om teleurstelling te voorkom.*

Ons is ALLEEN-AGENTE vir: Suidelike Afrika, insluitende Kenia, Rhodesië, Mozambique en Belgiese Kongo.

DIE KOPERSBOND BEPERK
Posbus 8363 — JOHANNESBURG.
Posbus 2120 — KAAPSTAD.
Posbus 468 — WINDHOEK (S.W.A.)